Woensdag 11 November
Skrifgedeelte: Psalm 115
Fokusgedeelte: Psalm 115:1 (AFR83)
Aan die Here kom die eer toe, want dit is Hy wat liefde en trou bewys!

In die tyd van die Ou Testament het die volke rondom Israel verskillende afgode aanbid. Hulle het beelde van die afgode gemaak en tempels vir hulle gebou. Maar met Israel was dit anders. God woon nie in 'n tempel nie, en hy kan op geen manier deur 'n beeld afgebeeld word nie (vgl. Eks. 20:4-6).

As gevolg hiervan het die heidene baie keer gevra (veral as die Israeliete swaar gekry het): "Waar is hulle God nou?" Dan kom die antwoord hard en duidelik: "Hy is in die hemel!" God is in die hemel omdat Hy baie groter is as sy hele skepping en omdat Hy oor alles regeer. Hy is nie vasgevang in 'n tempel of binne 'n sekere stad of land nie. Hy is almagtig en alomteenwoordig. Hy is ook soewerein soos wat ons in vers 3 lees: *"Alles wat Hy wil, doen Hy."* Met ander woorde, God kan enigiets doen en Hy het nie nodig om dit aan iemand te verduidelik nie.

Vandag aanbid mense nog steeds afgode. Mense maak afgode van geld, besittings, werk, prestasies, sport of ontspanning. Net soos beelde, kan hierdie afgode nie praat, sien, ruik, voel of loop nie. Hulle kan jou nie help en beskerm nie, en hulle kan nie aan jou liefde en trou bewys nie.

Soos Israel van ouds moet gelowiges vandag ook anders lyk as die wêreld om hulle. In plaas daarvan om navolgers van die mode en kultuur van die dag te wees, moet ons navolgers van Christus wees. Omdat die kinders van die Here 'n nuwe lewe in Christus gekry het, gee Paulus in Efesiërs 5:1 dié opdrag (AFR53): *"Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders …"*

Daarom: Dien God vandag! Gee aan Hom eer, want dit is Hy wat ons red. Dit is Hy wat aan ons liefde en trou bewys sodat ons soos nuwe mense kan leef.

*Sing: Psalm 89-1:3, 6*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*